Saterdag **16 Maart**

**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:12-20**

**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:12-17**

## Dank die Here vir die nuwe begin

Die grootste omkeer in enige mens se lewe is om as sondaarmens in God se koninkryk diensbaar te word. Onder aanvoering van Satan maak die sonde ons juis vyande van God en teenstanders van sy koninkryk. Dit maak die omkeer van sondaarmense so merkwaardig, want dit vereis ’n nuwe begin.

Paulus het dit beleef. Eers was hy ’n lasteraar, vervolger en geweldenaar, maar nou is hy ’n dienskneg in God se Koninkryk. Dit is ’n nuwe begin waarin Paulus oorlaai is met die genade van God asook die geloof en liefde in Christus. Hieroor het Paulus hom verwonder en hy dank die Here daarvoor.

Hierdie genade is alles sigbaar in Jesus Christus wat na die wêreld gekom het om sondaars te verlos. Elkeen wat in Hom glo, het deel aan die verlossing en beleef hierdie nuwe begin in sy eie lewe.

Sien jy as gelowige ook soos Paulus die groot omkeer in jou eie lewe raak? Dan moet jy alleen God daarvoor dank. Hy is die bewerker van alle omkeer na Hom toe. Dan moet jy ook, vanuit hierdie nuwe begin, nou as geroepe dienskneg in sy Koninkryk leef. Jy moet ook aan ander ’n voorbeeld wees van een wat waarlik in Christus glo en aan Hom diensbaar is.

Jy en ek moet aan die wêreld kan sê: Soek jy ’n bewys van die evangelie van God? Jy hoef nie ver te soek nie – ekself is die bewys, hier staan ek as ’n sondaar wat deur die genade van God gered is.

Kan die wêreld in jou lewe sien wat jy met jou mond bely? Kan jy ook sê: Wat julle aan my sien en hoor, verkondig ek aan julle. Wie dit wel doen, moet in nederigheid daarmee volhard en die Here vir dit alles dank.

*Sing: Psalm 116-1:7, 9*

*Ds. SA (Sarel) Cilliers (Emeritus)*